# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

18 September 2026
**NUUSBRIEF 29/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Netbal:** Fast 5-netbal

   Baie geluk aan die o.17-netbalspan wat na hulle toernooi 8ste in die Wes-Kaap eindig. Wel gedaan!

2. **Tennis:** Langeberg Tennis Akademie bied 'n toernooi aan op **18 en 19 September**. Moenie uitmis nie!

3. **Rugby:** 🏉 **O.11 en O.13 Rugbyspanne skitter by RSD Sewestoernooi**

   Op Saterdag **12 September** het ons O.11- en O.13-rugbyspanne aan die jaarlikse **RSD Sewesrugby-toernooi** in Stellenbosch deelgeneem.

   Die leerders het vroegoggend vertrek om 'n opwindende dag van sewesrugby aan te pak. Albei spanne het met groot entoesiasme en vasberadenheid gespeel en die skool met trots verteenwoordig.

   Die O.13-span het uitstekend gevaar en tot die kwart-eindronde van die Beker-afdeling deurgedring. Hulle het teen Laerskool Brackenfell te staan gekom en het ongelukkig met 19-26 verloor. Dit was egter 'n puik vertoning van ons spelers.

   Die O.11-span het tot die finaal van die Plaat-afdeling deurgedring, waar hulle 'n indrukwekkende oorwinning van 33–14 teen Laerskool Swartland behaal het. Baie geluk aan die span met hierdie besonderse prestasie! Buiten die rugby was daar ook volop pret met verskeie stalletjies, lekker kos en 'n wonderlike atmosfeer. Die leerders het elke oomblik geniet en met baie goeie herinneringe huistoe vertrek.

   Baie geluk aan al ons spelers en afrigters! Julle het ons skool trots gemaak. 🏉 👏 **'n Dag om te onthou – werklik onvergeetlik!**

4. **Uitkomtye:** Skool kom op **Maandag en Dinsdag om 14:00** uit. Skool sluit **Woensdag om 10:00**.

5. **Matrieks:** **ALLE** matrieks moet op **Maandag 21 September** en **Dinsdag 22 September** by die skool wees vir **VERPLIGTE** skool. Die rooster wat gevolg sal word is deur die departement opgestel en daar sal personeel van die distrik kom besoek aflê om seker te maak dat die leerders teenwoordig is en die klasse bywoon. Hierdie is die departement se initiatief om matrikulante te help om hulle punte te verbeter. **Ons doen 'n ernstige beroep op ons ouers om te verseker dat die matrieks hierdie klasse sal bywoon.**



6. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 18 Sep | Gr.1 & Gr.2 Uitstappie<br>Langeberg Tennis Akademie - Toernooi |
| Sa. 19 Sep | Langeberg Tennis Akademie - Toernooi |
| So. 20 Sep | Juf Isabella October verjaar |
| Di. 22 Sep | Me Jamielee Fortuin verjaar<br>HSB Revue<br>Sportfoto's |
| Wo. 23 Sep | Gr.3 Entrepreneursdag<br>Skool sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

Blom waar jy geplant is!!

